

Maandag

Rom.13: 1-7; Rom.8: 28 – 39; Rom.3: 21 – 27 Teks Romeine 13: 4 “want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil.” Tema: “Ons sien en aanvaar die owerheid nie soos regerings hul self sien nie, maar soos Christus Here is.” Paulus verklaar in Rom.13 die owerheid se posisie in die lewe van gelowiges: die owerheid se gesag is ’n instelling van God self; die spesifieke regering van die dag is daar deur die beskikking van God; die owerheid is ’n dienaar van God tot beswil van die gelowiges; die mag van die owerheid is om gehoorsaamheid aan die owerheid te beloon en om kwaad te bestraf met die middele waarmee God die owerheid toerus; die uitoefening van ’n regering van owerheidsgesag, is die uitvoer van die opdrag van God; daarom moet gelowiges die gesag van die regering as ’n gewetensaak teenoor God aanvaar. Terwyl Paulus hierdie brief skryf tussen 55 – 59 n.C. is Nero die keiser van die Romeinse Ryk. Hy het keiser geword deur die kriminele optrede van sy ma om die keiser te vergiftig om vir Nero plek te maak. Nero het weer sy ma laat vermoor om haar magsgreep op hom te breek. Nero het mense wat in sy pad gestaan het, laat vermoor. Hy het homself aan vermaak oorgegee en die staatskas gedreineer deur sy uitspattige leefwyse. Hy het die stad Rome afgebrand om plek vir sy nuwe bouprojekte te maak en toe die Christene die skuld vir die brand gegee. Hy het hulle onskuldig vir sy eie vermaak verbrand en hulle deur wilde diere laat verskeur. Onder Nero is die apostel Petrus gekruisig en Paulus onthoof. Dit is dan van hierdie keiser en regering waarvan Paulus verklaar dat die regering en keiser is ’n dienaar van Christus tot hulle beswil. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Rom.13: 1-7; Rom.8: 28 – 39; Rom.3: 21 – 27. Romeine 13: 4 “want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil.” Paulus roep Christene op om die owerheid as dienaar van Christus te aanvaar. Dit is anders as om jou aan die mag van ’n regering te onderwerp. Om die keiser as dienaar van Christus te aanvaar is die diepste ontkenning van die mag van die keiser en die Romeinse Ryk soos hulle dit gesien en bedryf het. Deur hierdie geloofsaanvaarding van owerheidsgesag, verwerp gelowiges dat Nero goddelik, absoluut in sy mag, en bo aanspreeklikheid verhewe in sy magsuitoefening is. Christene weet dat Rome is nie Rome deur die mag van Rome nie, maar deur die beskikking van Jesus Christus as Here. In die geloofsbelydenis dat die keiser dienaar van Christus is, word net een Here en God erken: Jesus Christus! Paulus roep Christene ook nie op tot oorgawe aan die mag van Rome wanneer hy verklaar dat die owerheid die reg van die wet vir elkeen handhaaf nie. Paulus regverdig nie dit waarmee die keiser en Romeinse senaat mee besig was nie. Hulle het net mense wat hulle aan die mag van Rome onderwerp, Romeinse burgerskap gegee. Paulus wys hier op die kontrak vir dienslewering waarvolgens Christus die regering as sy dienaar aangestel het. Christus stel sy dienaars, elke owerheid, aan volgens sy wet, die Tien Gebooie! Die Tien Gebooie is die reëls van die dienskontrak om Christus se dienaar te wees. Die beloning vir gehoorsaamheid en straf van die kwaad, is hoe Christus die dienskontrak laat werk,

ten spyte van hul eiemagtigheid. Omdat Hy die regering se kontrak só laat werk, moet gelowiges die gesag van die owerheid aanvaar. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Woensdag

Rom.13: 1-7; Rom.8: 28 – 39; Rom.3: 21 – 27. Romeine 13: 4 “want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil.” Christus is die Here van owerhede wat aan regerings hul opdrag om te regeer, gee. Hierdie is weereens nie hoe Nero en die senaatslede hul self gesien het nie. In hulle eie gemoed het hulle aan alles en almal opdragte gegee, nie ontvang nie. Maar Paulus beskryf die werklikheid van hoe die owerheid in opdrag van God optree, al glo hulle nie eers in Hom nie. Dit is ook hoe die owerheid ’n dienaar van God tot Christene se beswil is. Dit gaan nie oor hoe welwillend of goedgesind die regering teenoor Christene is nie. Dit gaan oor hoe Christus, die regering se werkgewer, hulle tot beswil van sy kinders gebruik. Paulus maak hierdie verklarings oor hoe Christus Here van die wêreld is, uit sy kennis van hoe Christus sy kerk aan die regterhand van die Vader regeer in Rom. 8: 31 – 39. Geen sonde wat ons doen, kan maak dat die Here teen ons draai nie. Hy is vóór ons, al doen ons sonde; Hy spaar ons wanneer ons sonde doen, maar Hy het nie Homself gespaar nie; Hy het Homself oorgegee aan ons oordeel; Hy skenk ons sy liefde uit genade sonder dat ons sy liefde verdien; Hy kla ons nie aan vir ons sondes nie, maar regverdig ons deur self die aangeklaagde, gestrafte en vervloekte sondaar wat ons moes wees, in ons plek te gewees het; Hy is nie die regter wat ons voor Hom laat verskyn vir ons sondes nie, maar die Here voor wie ons as sy kinders verheerlik word. Net soos Christus ons nie deur ons eie sondes van sy liefde sal laat skei nie, net so sal die kwaadwilligheid van regerings, wat sy dienaars is, ons nooit van die beswil wat Hy vir ons bewerk, skei nie. Preek beskikbaar as manuskrip of mp3 op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus

Donderdag

Rom.13: 1-7; Rom.8: 28 – 39; Rom.3: 21 – 27. Romeine 13: 4 “want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil.” ’n Valse verlossing wat verkondig word is daarvoor verantwoordelik dat gelowiges sukkel om die regering as ’n dienaar van Christus te aanvaar. Valse vergifnis is onderwerping aan God se mag - nie geloof in sy liefde nie. Wie glo dat liefde die onderwerping aan God se mag is, moet óók glo dat onderwerping aan die regering (wat God beskik) se mag liefde is. Dié wangeloof maak dat die regering net nóg ’n mag van God is waaraan jy jou moet onderwerp. Onderwerping (dus valse geloof) aan God se mag beteken dat jy jou lewe, jou hart, jou verstand aan God as offer oorgee, jy jou oorgee dat God jou lewe en persoon met sy goddelikheid beset en verdring en jy jouself as niks sien nie sodat God alles in jou en deur jou kan wees. Wie só glo aan onderwerping aan God se mag ásof dit liefde is, sal ook moet glo dat God jou aan die regering se mag onderwerp. Dit sal jou voor die valse eis stel dat jy ook teenoor die regering se mag jouself moet oorgee; jou moet oorgee dat die regering jou lewe en persoon beset en verdring; jy moet glo dat jy self niks is onder hulle mag nie. Want dit is mos hoe God jou aan

hulle onderwerp! Wie egter glo dat Christus die Here van die owerheid is, verbind hulle tot die DIENSKONTRAK waarvolgens die Here hulle aanstel – sy Tien Gebooie. Ons verbintenis tot die wet van die Here is nie oorgawe aan hulle mag soos hulle dit sien en afdwing nie. Ons aanvaarding van die owerheid as 'n dienaar wat die Here aanstel, maak ons gehoorsaamheid 'n gewetensaak teenoor Christus. Gehoorsaamheid volgens God se wet kan nooit oorgawe aan enige regering se mag wees nie. Preek beskikbaar as manuskrip of mp3 op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Vrydag

Rom.13: 1-7; Rom.8: 28 – 39; Rom.3: 21 – 27. Romeine 13: 4 “want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil.” Christus het ons nie aan sy goddelike mag kom onderwerp nie. Hy het ons (wie nie sy liefde verdien nie) deel gemaak en ingesluit in sy liefde as God deur self die onmoontlike te doen: Hy het as GOD Homself nie gespaar om MENS vir ons te word in ons sonde nie, sodat Hy ons sy oordeel kan spaar. Wie só in Christus as Here glo, aanvaar óók die wyse waarop Christus Here van owerhede is. Hý stel hulle aan, beskik oor hulle en gebruik hulle tot sy kinders se beswil. Uit die geloof hoe Christus vir ons goed en lief is, ten spyte van ons sonde, kom die geloofsbelydenis van Paulus in Romeine 8:28 “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is.” Omdat Christus só Here van ons lewe is, aanvaar ons ook hoe Hy Here van die owerhede is wat Hy as sy dienaars in hierdie wêreld aangestel het. Ons aanvaar nooit regerings soos hulle hulself in en deur hul eiemagtigheid sien nie. Die Here het ons al gewys op die drif van regerings: “Maar Jesus sê vir hulle: “By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem.” Luk 22:25. Daarom glo ons nie in die goeie bedoelings van regerings wat ons oorheers nie. Ons glo dat die Here, vir wie hulle dienaars is, alles wat hulle ons aandoen vir ons ten goede sal laat meewerk. Hy sal vir ons goed wees deur heidense regerings én die kwaad wat hulle oor ons bring, sal Hy ons ten goede keer. Preek beskikbaar as manuskrip en mp3 op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.